Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 15 NOVEMBER 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING

Rdv M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 MALMESBURY OPKOMENDE BOERE FORUM

Die Malmesbury Opkomende Boere Forum het 'n skriftelike versoek (brief gedateer 11 Oktober 2017) aan die komitee gerig om 'n voorlegging tydens die vergadering te doen.

Die versoek is aan die forum toegestaan, maar hulle het versuim om vir die vergadering op te daag.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, verskaf breedvoerige inligting aangaande die ondersteuning wat die Swartland Munisipaliteit (SM) reeds sedert 2004 aan klein– en opkomende boere gelewer het, welke agtergrond die volgende opsommende inligting bevat, synde:

Voorafgaande: besluit ten gunste van die ontwikkeling en ondersteuning van kleinboere

3.1/…

2004	Opstel van stedelike en landboubeleid en besigheidsplanne deur Murray Biesenbach, bydrae van SM is R240 000,00
2004	Addisionele besigheidsplanne deur Murray Biesenbach, bydrae van SM is R60 000,00
2004	Opstel van besigheidsplanne vir aansoek om meentgrond by Department van Plaaslike Regering en Behuising deur Agri-Expert, bydrae van SM is R95 000,00
2007	Opstel van besigheidsplan vir Darling by Departement van Landbou deur Agri-Expert, bydrae van SM is R93 708,00
2007 – 2008	Tegniese en organisatoriese opleiding deur Goedgedacht *Agricultural Resource Centre*, Wekufu, bydrae van SM is R66 000,00
20 Junie 2007	Agri-Expert word aangestel om aansoek te doen vir CASP
29 Junie 2007	Onderneming om langtermyn huurooreenkoms met Malmesbury Kleinboere Vereniging (MKV) te sluit
2008 – 2009	Tegniese opleiding deur GARC, bydrae van SM is R15 000,00
2008 – 2009	Fynbos Opleiding deur Cape Nature, bydrae van SM is R26 000,00
14 Januarie 2008	Klagte weens onhigiëniese toestande by kleinboere
7 Februarie 2008	Huurooreenkoms gesluit met MKV, onderhewig aan opskortende voorwaarde dat SM hul besigheids-, finansiële- en grondgebruiksplan vooraf goedkeur
Junie 2008	Agri-Expert stel besigheidsplan op onderhewig aan "*Befondsing deur die staat in die vorm van subsidies sal vereis word om die projek te implementeer"*
2 Junie 2008	Aansoek vir CASP onsuksesvol
19 Augustus 2008	'n Opvolg inligtingsessie met MKV word beplan rakende befondsing, met spesifieke verwysing na die besigheids-, finansiële- en grondgebruiksplan
3 Desember 2008	Beklemtoning dat alvorens kleinboere gevestig kan word, die nodige fondse eers van die betrokke departement(e) ontvang moet word
2009 – 2010	Organisatoriese opleiding en fasilitering deur GARC, bydrae van SM is R30 000,00
3 Maart 2009	Verdere klagtes weens onhigiëniese toestande by kleinboere
3 April 2009	Verdere klagtes weens onhigiëniese toestande by kleinboere
Julie 2009	Verdere aansoek vir CASP
2010 – 2011	Finansiële Bestuur opleiding deur DOL, bydrae van Swartland Mun is R1 800,00
2010 – 2011	EMS Opleiding deur Desmond Adams, bydrae van SM is R6 200,00

3.1/…

28 Januarie 2010	Notule van Malmesbury Kleinboerevereniging meld dat perseel tydelik gehuur word
April 2010	Verdere aansoek vir CASP
16 April 2010	Ontevrede met verloop van aansoek vir CASP
20 April 2010	Aansoek vir CASP onsuksesvol
2011 – 2012	Leierskap opleiding deur DOL
2011 – 2012	Konflikbestuur, Groentetuin opleiding (twee modules) deur DOL, bydrae deur SM is R3 500,00
2011 – 2012	Varkproduksie 055 deur DOL, bydrae deur SM is R11 500,00
29 Junie 2011	UBK besluit om slegte skulde vir water verbruik vir ‘n bedrag van R52 527.45 af te skryf
2012 – 2013	Varkproduksie deur DOL, bydrae deur SM is R6 600,00
2012 – 2013	Finansiële bestuur opleiding deur DOL, bydrae deur SM is R13 200,00
2012 – 2013	Gevorderde varkproduksie opleiding deur DOL, bydrae deur SM is R16 500,00
22 Maart 2012	Tydens ‘n vergadering met Malmesbury-kleinboere word verskillende fondse (LRAD, PLAS, CASP, ens) word bespreek
9 Mei 2012	Gesprek met Swartland Opkomende Boere Forum met lede van UBK, asook Surplus People Project (SPP)
15 November 2012	Verkiesing van komitee wat Malmesbury-kleinboere verteenwoordig en onderneming dat geen nuwe hokke opgesit word nie, dat enige nuwe hok onmiddellik afgebreek moet word en dat rondloper diere geskut sal word

N.a.v. die verskillende opleiding wat deur die Munisipaliteit gereël is om die kleinboere te assisteer, beloop die kostes daarvan R658 008,00.

Die voorsitter verwys na die interaksies met opkomende boere, met spesifieke verwysing na die Malmesbury-kleinboere, wat sedert 2012 plaasgevind het ten einde probleme/uitdagings wat ondervind word aan te spreek, naamlik –

13 Februarie 2013	UBK besluit: “dat daar met die nodige regsproses ‘n aanvang geneem word om kennis aan kleinboere te gee aangaande die kansellering van die huurooreenkomste en dat die gebied binne ‘n tydperk van 6 maande ontruim word, omrede: (i) die verbreking of nie-nakoming van sekere klousules in die kontrak; en (ii) die grond benodig word vir ander ontwikkeling”
19 Maart 2013	Vergadering deur Direkteur: Ontwikkelingsdienste om voormelde besluit aan kleinboere oor te dra
24 Junie 2013	UBK vergadering met bespreking van kleinboere se besigheidsplanne van Malmesbury en Darling
25 Oktober 2013	Optog deur kleinboere

3.1/…

Januarie 2014	Opname van diere en omstandighede by die kleinboere gedoen
18 Januarie 2014	Vergadering met die doel om ‘n oplossing te kry oor die haglike toestand van die kleinboere se plekke en die verduideliking van die kansellasie van die kontrak. Weereens die versoek om besigheidsplanne in te dien. Mnr H Fredericks van SPP was ook daar. Ongeveer 400 kleinboere in die Swartland
19 Februarie 2014	Vergadering met Departement om weereens landbougrond te identifiseer.
23 April 2014	Skrywe aan Departement oor beskikbare grond
26 Mei 2014	Vergadering met opkomende boere
23 Julie 2014	Vergadering met Departement van Landbou en Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervormin
23 Oktober 2014	Afbreek van hokke – drie deur kleinboere self, en tien deur SM
19 Desember 2014	Verslag ontvang vanaf SPCA aangaande haglike toestande by Malmesbury-kleinboere
16 Februarie 2015	Opvolg vergadering oor terugvoering van opnames en g DLOGH en die soveelste identifiseering van beskikbare landbougrond en moontlike boerderye
17 Junie 2015	Konsultasie met Senior Advokaat oor kleinboere uitsettingsbevel
13 Augustus 2015	Mediasie proses met kleinboere en ‘n verslag
13 September 2015	Terugvoering oor mediasie proses
16 Oktober 2015	Versoek kleinboere tot ‘n dringende vergadering. Word nie aan die versoek voldoen omrede die mediasie gesprek eers ten volle afgehandel moet word
11 Desember 2015	Verslag van die Mediator. Die slotsom is dat daar geen bereidwilligheid by die kleinboere is om saam te werk nie. DLOGH voorstel dat hulle met ingang van hulle nuwe finansiële jaar – 1 April 2016 – R4 miljoen beskikbaar moet maak om die 93 ha teen R43 000/ha aan te koop. Indien die terugvoering negatief van aard is gaan SM met ingang van 1 Februarie 2016 voort met die uitvoering van die Raadsbesluit om ‘n hofbevel te bekom. Die Kleinboere van Malmesbury moet as ‘n regsentiteit gevestig word
31 Maart 2016	Gesprekke met Geoff Chait oor grond vir die kleinboere
25 Oktober 2016	Vergadering en gesprekke tussen Swartland forum (kleinboere), SPP, Kleinboere van Moorreesburg, MBOKB en SM
26 Oktober 2017	Plakaat optog by die Raadsaal

Met voormelde as agtergrond noem die voorsitter dat die toestande by die Malmesbury-kleinboere van so ‘n aard is dat die Raad geen ander keuse het as om opdrag te gee dat alle diere en strukture so gou as moontlik verwyder moet word nie.

3.1/…

Die volgende opmerkings word deur die voorsitter gemaak ten einde die toestand by die Malmesbury-kleinboere aan die vergadering te verduidelik, naamlik:

- die area is in ‘n uitermatige morsige toestand;
- die stank is oorweldigend;
- die dooie varkies word nie verwyder nie;
- daar ’n enorme aanwas van diere is, veral bokke en beeste;
- dit blyk asof mense daar slaap;
- dat hokke word binne-in hokke opgerig;
- dat die omstandighede waarin die diere lewe, ontoelaatbaar is.

Die voorsitter noem verder dat die gronde waarop die kleinboere tans is, geoormerk is om deel van die behuisingspyplyn te vorm en dus as ’n residensiële gebied geoormerk is. Indien die kleinboere nie die grond ontruim nie, sal die Raad die behuisingspyplyn moet hersien om daardie gebied uit te sluit.

Die voorsitter noem ook dat die Departement van Landbou verantwoordelik is om die kleinboere te assisteer.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee hul misnoeë uitspreek teenoor persone wie nie die geleentheid aangryp om die komitee te ontmoet en sodoende kwessies aan te spreek nie;

(b) Dat, gebaseer op die voormelde as agtergrond, sowel as die besluit soos geneem op 13 Februarie 2013 en gepaardgaande interaksies, daar voortgegaan word met die verkryging van ’n hofbevel vir die uitsetting van die Malmesbury-kleinboere;

(c) Dat die Malmesbury Opkomende Boere Forum in kennis gestel word van die besluit;

(d) Dat die provinsiale Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, mnr Alan Winde, ook van hierdie besluit ingelig word.

3.2 WATER SKAARSTE

Die voorsitter doen ’n voorlegging rakende die water skaarste wat tans in die Wes-Kaap, met spesifieke verwysing na Swartland Munisipaliteit, heers.

Die voorlegging is aangeheg vir volledigheid.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN ’N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 11 OKTOBER 2017

BESLUIT

Dat die notule van ’n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Oktober 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 8 NOVEMBER 2017

5.1.1 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT WEENS DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot 'n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

Die aanvanklike verklaring is geldig vir 'n periode van drie maande, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot 'n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaardgaande water skaarste verleng vanaf 8 Desember 2017 tot 7 Januarie 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.2 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT : BRAND BY SWARTLAND MUNISIPALTEIT (17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 23 Oktober 2017 tot 22 November 2017;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

7.2/...

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.3 ONDERSOEK NA DIE FINANSIËLE LEWENSVATBAARHEID VAN 'N MUNISIPALE HOF (13/B)

'n Mandaat is aan die Direkteur: Beskermingsdienste gegee om ondersoek in te stel na die daarstelling van 'n munisipale hof asook die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid daarvan.

Die verslag, soos met die sakelys versprei, bevat die bevindinge van die ondersoek.

In ag genome die verslag, blyk dit dat die aankoop van 'n ANRP-bus (*Automated Number Plate Recognition Programme*) ook ondersoek moet word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die ondersoek wat deur die Direkteur: Beskermingsdienste gedoen was rakende die finansiële lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van 'n munisipale hof;

(b) Dat, n.a.v. die verslag, daar nie voortgegaan word met die daarstelling van 'n munisipale hof nie;

(c) Dat opdrag aan die Direkteur: Beskermingsdienste gegee word om ondersoek in te stel rakende die verkryging van 'n ANRP-bus en dit aan die Begrotingskantoor voorsien vir moontlike insluiting in die meerjarige kapitaalbegroting.

7.4 VOORGESTELDE OOREENKOMS TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT, ERNEST BRINK (EDMS) BPK EN DIE TRUSTEEDS INTERTYD VAN DIE ANN DOREE TRUST (16/3/1/2-11; 15/3/10-12)

Onder bestuur van die voormalige Munisipaliteit van Riebeek-Wes is 'n notariële ooreenkoms van huur en verhuur gesluit tussen Ernest Brink (Edms) Bpk as Verhuurder en die voormalige munisipaliteit as Huurder, waarvolgens 'n gedeelte (ongeveer 9,5 ha) van die plaas Allesverloren deur die Huurder (nou Swartland Munisipaliteit as regsopvolger van die Munisipaliteit van Riebeek-Wes) gehuur word vir die doeleindes van 'n rioolplaas.

Die gemelde ooreenkoms is op 25 Julie 1991 geregistreer en geld vir 'n huurtermyn van 99 jaar. Wysigings is gedurende 1993 aan die ooreenkoms aangebring in terme waarvan die Verhuurder 100% van die rioolafloopwater kan gebruik.

Weens die inbedryfstelling van die nuwe rioolwatersuiweringswerke te Riebeek Kasteel en die sluiting van die rioolplaas te Riebeek-Wes, is die Munisipaliteit uiteraard begerig om die huurooreenkoms met mnr Brink te beëindig, in welke geval die Munisipaliteit onder die ooreenkoms verplig word om (op sy koste) die rioolplaas wat hy op die verhuurde eiendom geskep het, op te ruim en skoon te maak en alle skade te herstel.

Tot die sakelys aangeheg is 'n konsep ooreenkoms wat deur die raadsprokureur opgestel is, op grond waarvan die drie partye tot die ooreenkoms ooreenkom dat (1) Ernest Brink (Edms) Bpk 'n vorderingsreg van R755 000 teenoor die Munisipaliteit het as synde die ooreengekome koste van herstel van die skade en opruim en skoonmaak van die verhuurde eiendom; en (2) die Munisipaliteit 'n vorderingsreg van R755 000 teen die Ann Doree Trust het as synde die ooreengekome koste vir die aanbring van die 48 parkeerkplekke soos voormeld, en (3) Ernest Brink (Edms) Bpk sy vorderingsreg teen die Munisipalteit aan en ten gunste van die Trust sedeer.

Besluit/...

7.4/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van sowel hierdie verslag as die voorgestelde ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit, Ernest Brink (Edms) Bpk en die Trustees indertyd van die Ann Doree Trust;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om die ooreenkoms namens die Munisipaliteit te onderteken.

7.5 TENDER L02.17.18: VERVREEMDING VAN RESIDENSIËLE EIENDOMME TE MALMESBURY (12/2/B)

Tydens 'n Raadsvergadering gehou op 17 Julie 2017, is daar besluit dat sekere residensiële eiendomme, soos vervat in die verslag, vervreem mag word by wyse van 'n openbare tender.

BESLUIT

(a) Dat Tender L02.17.18 vir die Verkoop van Verskeie Residensiële Eiendomme, soos volg toegeken word:

	Erf 55	**Erf 3106**	**Erf 3129**	**Erf 3102**	**Erf 3109**	**Erf 3092**
RESERWEPRYS	**R 168 000.00**	**R 136 150.00**	**R 122 850.00**	**R 158 550.00**	**R 136 150.00**	**R 154 700.00**
Tenderaar	Babalwa Nkentsha	Eugene van der Merwe	Hassan Parker	Tiaan Marais	Nokuzola Mafenuka	Claudia Lakey
Finansiële aanbod (BTW uitgesluit)	R 220 000.00	R 180 000.00	R 140 350.87	R 250 000.00	R 154 700.00	R 180 000.00
TOTAAL	**1 125 050.87**					

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van die bates soos per voormelde skedule.

7.6 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY RUGBYVOETBALKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur tans die Rugby Klubhuis, te Dieprivier-sportgronde, aan die Malmesbury Rugbyvoetbalklub op `n jaar tot jaar basis.

Die huurooreenkoms verstryk 31 Desember 2017.

BESLUIT

(a) Dat die item terugverwys word vir ondersoek t.o.v. die volgende, naamlik:
   (i) dat die fondse wat uit die kroegfasiliteite by die klubhuis gegenereer word, wel aangewend word tot voordeel van Malmesbury Rugbyvoetbalklub;
   (ii) dat die Malmesbury Rugbyvoetbalklub wel aktief is en aan `n amptelike liga van die Boland Rugby Unie sal deelneem in die 2018 seisoen;
   (iii) dat die Malmesbury Rugbyvoetbalklub wel oor 'n behoorlik verkose Bestuur beskik;

(b) Dat daar nie 'n ooreenkoms met een klub aangegaan word vir eksklusiewe gebruik van die sportgronde nie.

7.7 HEROPENING VAN STRATE WAT GESLUIT IS IN YZERFONTEIN (16/5/5/1

Gedurende Maart 2017 het die Yzerfontein Inwonersvereniging skriftelik versoek dat die strate, soos in die verslag genoem, heropen word vir publieke gebruik.

Besluit/..

7.7/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem is van die publieke deelname proses wat plaasgevind het ingevolge Kennisgewing 23/2017/2018;

(b) Dat verdere kennis geneem word van die ses individue wie ten gunste was van die heropening van die strate, asook die aanlê van 'n permanente oppervlak;

(c) Dat die *status quo* behou word t.o.v. die volgende strate:

Street Name	From	To
5th Street	Buitekant Street	Boweg
6th Street	Buitekant Street	Skool Street
6th Street	Skool Street	Boweg
7th Street	Buitekant Street	Boweg

(d) Dat die Yzerfontein Inwonersvereniging dienooreenkomstig van die besluit ingelig word.

7.8 KAAPSE/WESKUS SWARTLAND TOERISME-ORGANISASIE: 2016/17 FINANSIËLE JAAR – (1) VOORSITTERSVERSLAG; (2) PRESTASIE-INDIKATORE; (3) FINANSIËLE STATE (9/1/3/2/1)

Kragtens die bepalings van die Raad se Diensvlakooreenkoms met die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-organisasie vir die uitvoering van die bepaalde toerisme funksies, is hul onderworpe aan sekere voorwaardes.

Die volledige voorsittersverslag en finansiële state van die 5 toerisme advieskomitees is beskikbaar by die kantoor van me I Loock.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van:
  (i) die inhoud van die Voorsittersverslag;
  (ii) die meting van prestasiebestuursindikatore vir die periode 1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017; en
  (iii) die inhoud van die finansiële state vir die 2016/17 finansiële jaar;

(b) Dat daar, met die oog op toekomstige finansiering met ingang van 1 Julie 2018, 'n dringende gesprek met die toerismebedryf in die Swartland voor 1 April 2018 gevoer moet word vir begrotingsdoeleindes.

7.9 ONDERSTEUNING AAN YZERFONTEIN TOERISME: YZERFONTEIN FEES (1 – 31 DESEMBER 2017) (10/1/R)

'n Aansoek is ontvang vanaf die Yzerfontein Toerismeburo wat vir die vyfde jaar die Yzerfontein fees reël vir die tydperk 1 tot 31 Desember 2017.

Die volledige program is aangedui in die verslag wat met die sakelys versprei is.

BESLUIT

(a) Dat verhoogde dienslewering oor die vakansieseisoen aangepas word a.g.v. verhoogde besoekersgetalle, en – waar nodig – addisionele personeel aan diens gebring moet word;

(b) Dat, soos in die verlede, geen betaling gevorder word vir addisionele dienste nie en dat bostaande versoeke van die Yzerfontein Toerismeburo goedgekeur word;

7.9/…

(c) Dat kennis geneem word dat die verskerpte wetstoepassing nie ’n invloed sal hê op dienslewering in die ander dorpe nie.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE – SEPTEMBER 2017 (5/7/1/1/MY)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer en word op versoek van die voorsitter deur die Direkteur: Finansiële Dienste behandel.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Oktober 2017.

7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 September 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.12 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (5/14/3/5)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat daar ook in hierdie opsig voldoen sal word aan die riglyne van die Batebestuursbeleid, sowel as die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid van die Munisipaliteit.

Die Batebestuursbeleid reguleer die beskikking van bates deur te verseker dat dit regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief geskied en dat daar voldoen word aan die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Munisipaliteit.

Die kriteria vir wegdoening van bates behels die volgende:

- Die bruikbare leeftyd van die bate het verstryk;
- Die bate is verouderd;
- Dit is onekonomies om die bate te herstel of dit is onherstelbaar.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die aangehegte lys van uitgediende bates tydens die openbare veiling verkoop word, en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN *LUMICO* VIR WEBTUISTE-AANPASSINGS AS DEEL VAN DIE WATERBEWUSMAKINGSVELDTOGTE (4/6/2)

In die lig van die ernstige droogtesituasie, is ’n taakspan onlangs in die lewe geroep om, onder andere, alle kommunikasieverwante aspekte ten aansien van die dreigende waterkrisis te bestuur, waaronder die instandhouding van die webtuiste met betrekking tot die waterkrisis.

Daar is met *Lumico,* die firma wat die Munisipaliteit se sosiale media behartig, gekonsulteer oor hulp met tydelike aanpassings van die webtuiste wat die volgende insluit, nl:

(i) die omskepping/bou van die webtuiste;
(ii) die opneem van video’s vir doeleindes van die webtuiste en ook die sosiale media;
(iii) asook (2) administrasiekostes (redigering en reiskostes).

7.13/…

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van *Lumico (Pty) Ltd* ten bedrae van R35 000,00 (BTW uitgesluit) om 'n webtuiste-subdomein te skep vir die bestuur van kommunikasie rakende die waterkrisis, vir die volgende redes:

- Die Munisipaliteit nie intern oor die kapasiteit, vaardighede en toepaslike kundigheid beskik om sy verouderde webtuiste aan te pas vir die effektiewe bestuur van die waterkrisis nie;
- Dit onprakties geag word om die mark te toets, inaggenome *Lumico* se kundigheid en spesialisvaardighede in die velde van digitale bemarking, grafiese ontwerp, fotografie en videografie, projekbestuur en veldtogkonsepsualisering en die uitvoering daarvan, waarvan afdoende bewys gelewer is oor die afgelope twee jaar met *Lumico* se bestuur van die Munisipaliteit se sosiale media (*Facebook*);
- Die dreigende waterkrisis en buitengewone omstandighede daaromheen vereis dat die webtuiste so spoedig moontlik in werking gestel word om die publiek deurlopend en '*real time'* op hoogte te hou van alle inligting wat daarmee verband hou.

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde uitgawe teen posnommer 9/201-269-891 (Kommunikasie) verreken sal word;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN *PAPERJET PRINT* VIR DRUK VAN WATERBEWUSMAKINGSMATERIAAL (4/6/2)

In die lig van die ernstige droogtesituasie, is 'n taakspan onlangs in die lewe geroep om, onder andere, alle kommunikasieverwante aspekte ten aansien van die dreigende waterkrisis te bestuur.

'n Grafiese ontwerper, nl. 321 Design is dienooreenkomstig aangewys om verskeie materiaal te ontwerp om die bewusmaking van die huidige watersituasie te verskerp. Hierdie sluit in die ontwerp van verskeie groottes plakkate, banniere, boekmerke ens.

In ag genome van bogenoemde, het die Munisipale Bestuurderder goedkeuring verleen dat *Paperjet Print* vir die volgende dienste aangestel word, nl:

- die druk van 1500 x A1 plakkate ten bedrae van R52 485,00 (BTW uitgesluit); en
- die druk van 1500 x A3 plakkate ten bedrae van R3 885,00 (BTW uitgesluit).

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van *Paperjet Print* ten bedrae van R56 370,00, BTW uitgesluit vir die druk van materiaal vir doeleindes van die waterbewusmakingsveldtog, vir die volgende redes:

- Die dreigende waterkrisis en buitegewone omstandighede daaromheen vereis dat reklamemateriaal so spoedig en wyd moontlik in die munisipale gebied aangebring word om die publiek van die erns van die saak bewus te maak;

- Daar inderdaad vier kwotasies ingewin is om die mark te toets, in 'n poging om die saak te bespoedig.

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde uitgawe teen posnommer 9/201-269-891 (Kommunikasie) verreken sal word;

7.14/...

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN *MALNOTS CC* VIR DRUK VAN WATERBEWUSMAKINGSMATERIAAL (4/6/2)

In die lig van die ernstige droogtesituasie, is 'n taakspan onlangs in die lewe geroep om, onder andere, alle kommunikasieverwante aspekte ten aansien van die dreigende waterkrisis te bestuur.

'n Grafiese ontwerper, nl. 321 Design is dienooreenkomstig aangewys om verskeie materiaal te ontwerp om die bewusmaking van die huidige watersituasie te verskerp. Hierdie sluit in die ontwerp van verskeie groottes plakkate, banniere, boekmerke ens.

In ag genome van bogenoemde, het die Munisipale Bestuurderder goedkeuring verleen dat *Malnots CC* (handel as Malnoplate) vir die volgende dienste aangestel word ten bedrae van R47 412,28 (BTW uitgesluit), nl:

- die druk van 5 x 3000mm x 800mm PVC banniere, volkleur;
- die druk van (1) 15 x 3000mm x 2450mm en (2) 4 x 1500mm x 1225mm UV-beskermde vinylplakkers, wat toegepas moet word op bestaande chromadek-bordjies by verskeie plekke in die Swartland.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem is en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van *Malnots CC* ten bedrae van R47 412,28, BTW uitgesluit vir die druk van materiaal vir doeleindes van die waterbewusmakingsveldtog, vir die volgende redes:

(i) Die dreigende waterkrisis en buitegewone omstandighede daaromheen vereis dat reklamemateriaal so spoedig en wyd moontlik in die munisipale gebied aangebring word om die publiek van die erns van die saak bewus te maak;

(ii) Daar inderdaad drie kwotasies ingewin is om die mark te toets, in 'n poging om die saak te bespoedig.

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde uitgawe teen posnommer 9/201-269-891 (Kommunikasie) verreken sal word;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN PROFESSIONELE DIENSVERSKAFFER VIR GEOHIDROLOGIESE STUDIES (8/2/2/1)

Die Weskaap ondervind tans die ergste droogte op rekord wat enorme druk op watervoorsiening plaas en intervensies is nodig om watervoorsiening te verseker.

Swartland Munisipaliteit het m.i.v. November 2017 Vlak 5-waterbeperkinge geïmplementeer, en verskeie opsies word oorweeg om water tydens, sowel as na die droogte, te voorsien. Een van die opsies is om grondwater by wyse van boorgate te onttrek.

Alvorens 'n boorgat daargestel kan word, moet 'n geohidroliese ondersoek gedoen word om geskikte liggings vir die boorgate te identifiseer. Die Departement van Plaaslike Regering het op 29 September 2017 bevestig dat die firma, *Geoss,* deur die departement aangestel is om geohidroliese studies in the Weskus Distriksgebied te doen. Hierdie kostes sal deur die departement gedek word.

7.16/…

Swartland Munisipaliteit kan dus ook vir hierdie firma gebruik maak vir die uitkenning van boorgate vir moontlike waterverkryging en sal nie slegs kostes bespaar nie, maar ook die proses bespoedig op boorgate daar te stel om die waterbronne aan te vul.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem is en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van *Geoss* ten bedrae van R 410,110.00 (BTW uitgesluit), vir die voorsiening van geohidroliese dienste vir die identifisering van nuwe boorgat posisies vir die volgende rede:

- Dat dit onprakties sal wees om nie van die professionele diensverskaffer, soos aangestel deur die Provinsiale Regering, gebruik te maak en sodoende voordeel trek;

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde uitgawe teen posnommer 9/249-699-961 (Meesterbeplanning: Dienste – Watervoorsiening) verreken sal word;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN RATKAS VAN BELUGTER 2, MALMESBURY RIOOL-SUIWERINGSWERKE (8/2/2/1)

Die drywende belugter (no 2) by die Malmesbury Rioolwerke het erge meganiese ratkas probleme ondervind en dit het die administrering van suurstof na die rioolwater vir die verwydering van stikstof geaffekteer.

Dit is dus as dringend en noodsaaklik beskou dat die ratkas van belugter (no 2) so spoedig moontlik herstel word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem is en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die dringende herstelwerk aan die die ratkas van belugter 2 by die Malmesbury Rioolsuiweringswerke deur GW Trautman ten bedrae van R 99 836,05 (BTW ingesluit);

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde uitgawe teen posnommer 9/239-57-1041 verreken sal word;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DARLING RESERVOIR (8/2/2/1)

Tydens ’n roetine ondersoek van die Darling Reservoir is daar vasgestel dat daar ’n lekkasie is wat veroorsaak word deur ‘n fout in die struktuur. Dit het aanleiding daartoe gegee dat die reservoir leeggemaak moes word. ’n Kwotasie vanaf *N2 Consultants* is verkry vir die herstelwerk van die lekkasie ten bedrae van R148 960,00 (BTW uitgesluit).

Terwyl die reservoir leeg was, is daar verder ontdek dat die toegangslere tot die reservoir geroes en onveilig is en vervang moet word. ’n Kwotasie vir hierdie werk is vanaf Swartland Ingenieurswerke verkry ten bedrae van R49 400,00 (BTW uitgesluit).

Met die huidige droogte wat ervaar word, is die herstelwerk noodsaaklik en kan die normale verkrygingsprosedures dus nie gevolg word nie.

Besluit/...

7.18/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem is en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die dringende herstelwerk aan die Darling Reservoir deur *N2 Consultants* ten bedrae van R148 960,00 (BTW uitgesluit) en Swartland Ingenieurswerke ten bedrae van R49 400,00 (BTW uitgesluit) onderskeidelik;

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde uitgawe teen posnommer 9/249-679-259 verreken sal word;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE (4/8/3)

Die Uitvoerende Burgemeester het die bevoegdheid om die verlof van die Munisipale Bestuurder goed te keur.

'n Verlofskedule van die direkteure is met die sakelys gesirkuleer om aan te dui watter direkteure beskikbaar is om waar te neem.

BESLUIT

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:

- 19 Desember 2017 tot 11 Januarie 2018 (15 dae);

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder, en indien, om welke rede ookal die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste nie beskikbaar is nie, die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste sal waarneem.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER